

**LESBEPLANNING**  
**LEERPROGRAM: GELETTEDHEID (HUISTAAL)**

GRAAD: 1

TEMA EN INHOUD: WATER

TYD's DUUR: + - 3 Weke

LU en Ass Standaarde	Leer Aktiwiteite	Hulpmiddels
<b>LU 1: LUISTER</b> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Luister aandagtig na instruksies en reageer op gepaste manier</li> <li>2. Toon gepaste luistergedrag deur te luister sonder om te onderbreek, respek vir spreker te toon, beurt te neem om te praat en vrae te stel om duidelikheid te kry.</li> <li>3. Luister met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture en toon begrip: <ul style="list-style-type: none"> <li>• luister vir die hoofidee en belangrike besonderhede in die storie</li> <li>• voer dele uit 'n storie, liedjie en rympie op</li> <li>• teken 'n prent van die storie en skryf 'n paar woorde daaroor</li> </ul> </li> </ol>	<p>Leerders luister daagliks na bybelverhale. Hulle beantwoord vrae oor gelese stories. Liedjies word ook gesing. Psalms word gememoriseer.</p> <p>Leerders luister ook na stories en gediggies wat saamgestel is oor tema.</p> <p>-Leerders is in staat om vrae te beantwoord oor storie.  -onderwyser moedig leerders aan om vol sinne te gebruik en leidende vrae word gestel.</p> <p>-Leerders vertel voorgelese stories oor in die korrekte volgorde.</p> <p>-Prente van 'n storie word in die regte volgorde geplaas.</p> <p>-Maskers en kostuumms word gedra om rolspel te doen en</p>	Muurprente Storie boeke Klankkaarte Leeskaarte Tydskrifte Gom Potlode Kryte

<ul style="list-style-type: none"> <li>• beantwoord oop vrae oor die storie</li> </ul> <p>4. Luister na, geniet en reageer gepas op raaisels en grappies</p> <p>6. Ontwikkel klankbewustheid:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• onderskei tussen verskillende klanke, veral aan die begin en einde van woorde</li> <li>• herken sommige rywoorde in algemene rympies en liedjies</li> <li>• herken meervoude, "e" en "s", en "ge" aan die begin van werkwoorde in die verlede tyd</li> </ul>	<p>Om gedeeltes van die storie op te voer of te dramatiseer.</p> <p>-Beskrywende woorde ,gesigsuitdrukkings en emosies word gebruik om leerders se gevoelens ten opsigte van die storie uit te druk.</p> <p>-Hoof karakters word geeien en daar word ook herken waar die storie afspeel, bv. in die stad, op die plaas ens.</p> <p>Gehooroefeninge word daagliks beoefen om klankbewustheid en ouditiewe geheue te bevorder.</p>	Inkleurpotlode Flitskaarte Naam etikette Werkboek Bordkryt Leesboeke Sker Kasset speller Video opnemer Dvd speller Televisie Koerante Afval material Konkrete Apparaat
<p><b>LU 2: PRAAT</b></p> <p>1. Gesels oor eie ervaringe, gevoelens en NUUS</p> <p>2. Dra idees oor deur interessante beskrywings en aksiewoorde te gebruik</p> <p>3. Sing, reseteer, mimeer en voer liedjies, gedigte en rympies op</p> <p>4. Gebruik taal verbeeldingryk vir pret en fantasie</p> <p>6. Vertel eie ervaringe in volgorde oor</p> <p>7. Vertel 'n bekende kort storie wat 'n begin, mid- del en einde het indien nodig mbv prente</p> <p>9. Gebruik taal gepas vir verskillende geleenthede en met verskillende mense</p>	<p>Leerders vertel van persoonlike ervarings en gebeure (oor tema) wat hulle van gehoor(gelees) of op die televisie gesien het.</p> <p>Onderwyser moedig leerders aan om ten minste vier sinne te gebruik.Leerders word ook aangemoedig om hul nuus deur middel van prente (self geteken) uit tebeeld. Hulle skryf ten minste een sin oor nuusgebeure.</p> <p>Onderwyser stel gediggies en rympies op oor tema. Leerders memoriseer gediggies en dra dit voor. Onderwyser maak hulle bewus van stem intonasie.</p> <p>Aksies word uitgevoer en leerders doen ook rolvertolking om karakters uit tebeeld. Kort stories word ook gedramatiseer.</p>	

<ul style="list-style-type: none"> <li>• voer 'n onderhou met volwasse besoeker aan klas (brandweerman)</li> <li>• rolspel 'n relevante situasie (blus 'n brand)</li> </ul> <p><b>LU 3: LEES EN KYK</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:           <ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik illustrasies om betekenis van stories te interpreter en vertel 'n storie</li> </ul> </li> <li>3. Skep betekenis uit geskrewe teks:           <ul style="list-style-type: none"> <li>• lees 'n storie saam met opvoeder en bespreek die hoofidee</li> <li>• identifiseer die besonderhede (bv. Hoofkarakters, volgorde van gebeure, ruimte/agtergrond)</li> <li>• se of hy/sy daarvan hou en waarom</li> </ul> </li> <li>4. Herken letters en woorde en skep betekenis uit geskrewe teks:           <ol style="list-style-type: none"> <li>a. Lees eenvoudige geskrewe stof</li> <li>b. Lees eie skryfwerke en die van klasmaats</li> <li>c. Gebruik klank en woordherkenningsvaardighede om nuwe of onbekende woorde in konteks te dekodeer (bv visuele leidrade, soos woorde en letter</li> </ol> </li> </ol>	<p>Onderwyser nooi 'n volwassene bv.om te praat oor die belangrikheid van water. Leerders voer onderhoude met 'n persoon wat bv. met waterwerke betrokke is.</p> <p>Groepbesprekings word gehou en leerders moet mekaar spreek beurt gee en mekaar respekteer deur te luister as die maat praat.</p> <p>Onderwyser gee 'n leestuk met bekende woorde (oor tema) leerlinge is in staat om dubbelklanke (vokale) te identifiseer, bv. <u>waar</u>, <u>soek</u> ens.</p> <p>Leerders identiseer meervoude, verlede en teenswoordige tye in leestuk.Beskrywende woorde word gebruik bv. vuil/skoon water, ens.Leerders moet ten minste twee voorbeeld uit leestuk kan neem.</p> <p>Prente oor tema word in gleufiesbord of skryfbord gesit leerders pas korrekte woorde daarby.</p> <p>Skommel letters reg om 'n word te vorm Bv. r t e w a = water, m d a = dam ens.</p> <p>Gebruik twee woorde waarvan die regte keuse gemaak moet word bv. Drink skoon (water, water) 5 woorde word gegee vir drie sinne en leerders moet die regte keuse maak.</p>	<p>Sinstroke Leeskaarte aktiwiteitskaarte</p>
--	--	---

<p>patrone, prenteleidrade, kontekstuele leidrade en letter-klank-verhoudings)</p> <p>5. Ontwikkel klankbewustheid</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herken en benoem alfabetletters (klanke)</li> <li>• Verstaan die verskil tussen lettername en- klanke</li> <li>• Verstaan dat letterneme dieselfde bly maar dat die klanke wat dit voorste, kan verander.</li> <li>• Veerdeel eenvoudige woorde enkel be- gin konsonante en kort vokale (KVK patron) in die eerste klank en die 2de deel v/d lettergreep, soos: k-at, m-at, v-at, w-at</li> <li>• Herken 2-letterkombinasies aan die begin van woorde soos gr-oen, bl-om</li> <li>• Herken sommige sigwoorde (hoefrikwensie woorde soos "die", 'n, "met", "ek", "jou", insluitend sy/haar eie naam en gedrute teks in die omgewing.</li> </ul> <p>6. Lees vir inligting en genot.</p> <p>LU 4: SKRYF EN PRAAT</p> <p>1. Skryf toenemend leesbaar</p>	<p>skoon      was      tuin      groente      seep</p> <p>Ma ..... die wasgoed. Ons moet ..... water drink. Pa maak die ..... nat.</p> <p>Leerders lees bekende en onbekende woorde vir vaslegging.</p> <p>Sinstroke oor nuwe leesstukke word ook deur leerders (individueel, as klas, saam met onderwyser) gelees woorde word by sinstroke gepas.</p> <p>Onderwyser lees voor uit leesboek(groot). Leerders word ook aangemoedig om saam met die onderwyser te lees'Shared Reading)</p> <p>Leerders lees vir inligting en genot.</p> <p>'Drop all and Read'</p>	
--	--	--

<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hanteer skryfinstrumente soos potlode doeltreffend</li> <li>• Oefen lettervorming en handskrifvaardighede, die trek van patronen, die natrek en naskryf van woorde</li> <li>• Vorm letters van die alfabet suksesvol</li> </ul> <p>2. Doe Pre-skryfaktiwiteite</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• reageer op 'n prent om eenvoudige sinne te skryf</li> <li>• bespreek onderwerpe en idees vir skryfwerk met klasmaats</li> </ul> <p>3. Skryf vir verskillende doeleindes:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• stel lyste saam</li> <li>• skryf eenvoudige byskrifte en onderskrifte vir tekeninge</li> <li>• skep eenvoudige tekste vir (verjaar dag kaartjies, of kaartjies gebasseer op tema)</li> <li>• versamel gepate prente om teks te illustreer.</li> </ul> <p>4. Skryf 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk en hersien dit</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dra idees by tot die skryf van 'n storie</li> <li>• hersien 'n konsepweergawe van die storie om dit duideliker en interessanter te maak.</li> </ul> <p>5. Skryf sodat almal kan verstaan:</p>	<p>Leerders se aandag word gevestig op die regte liggaamshouding, potloodgreep en drukking op bladsy. Patronen, korrekte vorming van letters word daagliks beoefen.</p> <p>Leerders skryf woorde en sinne met die klem op konsepte soos, van links na regs, van bo na onder. Daar word ook gelet op die korrekte spasiering tussen woorde.</p> <p>Leerders skryf hul eie sinne met ondersteuning en hulp van onderwyser.</p> <p>Leerders moet hul eie handskrif kan lees (hulle skryf duidelik, netjies en leesbaar).</p> <p>Leerders skryf 3 letterwoorde.</p> <p>Onderwyser moedig leerders aan om prente te gebruik (woorde) om skeppende skryfwerk uit tebeeld (voor te stel).</p> <p>Voorsetsels, voornaamwoorde en meervoude word ook geïdentifiseer in leesstuk oor tema.</p> <p>Was jou hande ..... jy eet. Was jou hande ..... jy die toilet gebruik het.</p>	
---	--	--

<ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik letters om enkele woorde en kort sinne te vorm</li> <li>• Laat ruimtes tussen woorde</li> <li>• Gebruik links na regs en bo na onder orienteering wanneer leerders skryf</li> </ul>		
<p><b>LU 5: DINK EN REDENEEER</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Gebruik taal om konsepte te ontwikkel <ul style="list-style-type: none"> <li>• toon onwikkeld kennis van begrippe van hoeveelheid, grootte, vorm, rigting, kleur, spoed tyd, ouderdom, volgore</li> </ul> </li> <li>2. Gebruik taal om te dink en te redeneer: <ul style="list-style-type: none"> <li>• klassifiseer inligting (soos bv. Groepeer verskillende diere)</li> <li>• identifiseer dele van 'n geheel (soos dele van 'n fiets)</li> </ul> </li> <li>3 Gebruik tall om te ondersoek: <ul style="list-style-type: none"> <li>• stel vrae en soek verduidelikings</li> <li>• bou en voltooи plrent- en woordraaisels</li> </ul> </li> </ol> <p><b>LU 6: TAALSTRUKTUUR EN GEBRUIK</b></p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Bring klanke in verband met letters en woorde <ul style="list-style-type: none"> <li>• verdeel gesproke woorde in letteergrepe</li> </ul> </li> </ol>	<p>Leerders vestaan en praat van oorsake en gevolge. Onderwyser vertel kort stories oor water besoedeling, veiligheid rondom swem, en water besparings. Leerders moet verstaan waarom water kosbaar is vir alle lewende dinge. Aandag van leerders word gevëstig wat die gevolge gaan wees as ons nie hierdie kosbare hulpbron sal spaar nie.</p> <p>Leerders klassifiseer inligting bv. Maak 2 groepe een van veilige en die ander van onveilige omstandighede as jy gaan swem. Prente of woorde kan gebruik word.</p> <p>Maak lyste van hoe ons water kan bespaar/ hoe ons water kan vermors.</p> <p>Stel ondersoek in waar water vandaan kom.</p> <p>Leerders verdeel woorde in lettergrepe bv. tuinslang = tuin – slang      water = wa - ter</p> <p>Woord en prent raaisels word voltooи met hulp en ondersteuning waar benodig.</p>	

<ul style="list-style-type: none"> <li>• gebruik klanke om woorde te lees en te spel</li> </ul> <p>2. Werk met woorde:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• weet waar geskrewe woord begin en eindig en laat spasies tussen woord</li> <li>• spel sommige bekende woorde korrek</li> </ul> <p>3. Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf eenvoudige sinne oor spesifieke onderwerp</li> <li>• Gebruik skryfkonvensies: 'n hoofletter in eiename en aan die begin van 'n sin en 'n punt aan die einde van 'n sin</li> <li>• Gebruik teenswoordige en verlede tyd korrek</li> </ul>	<p>Onderwyser leer leerders waar hoofletters gebruik moet word. Name bv. Brenda, aan die begin van 'n sin.</p> <p>Leerders ken en weet van 'n storie se begin, middel, en einde.</p> <p>Leerders weet dat letters woorde bou, woorde maak sinne.</p> <p>Kan met eiename werk.      Hy is 'n seun.      Dit is sy pen.      Sy is 'n dogter.</p> <p>Leerders gebruik toepaslike punktuasie, punt.(weet sin eindig) komma (weet daar moet gerus word) vraagteken (stemtoon moet styg).</p>	
BESONDERHEDE VAN ASSESSERING		
LEERPROBLEME		
OORSIG		

